# REDAKSIONEEL

## 1 Huldigingsuitgawe

Die redaksie van HISTORIA het in 1981 besluit om die eerste uitgawe van 1982 by geleentheid van prof. FA van Jaarsveld se sestigste verjaardag aan hom op te dra. Dié besluit is eenparig in prof. Van Jaarsveld, die redakteur van die tydskrif, se afwesigheid geneem. Dit spruit uit die oortuiging dat een van die uitstaande en produktiefste Afrikaanse en Suid-Afrikaanse historici paslik op hierdie wyse gehuldig behoort te word. Vakbeoefenaars word weliswaar geëer en leef voort deur hulle geskrifte. Maar té dikwels lê historici die tuig neer en gaan hulle heen sonder dat daar 'n poging aangewend word om 'n waardering van hulle bydrae tot die vakliteratuur en beoefening en onderrig van die vak te maak. Daarom het die redaksie gevoel dat hierdie mylpaal in prof. Van Jaarsveld se lewe nie ongemerk verby moet gaan nie.

'n Aantal historici het dus ingewillig om oor verskillende aspekte van prof. Van Jaarsveld se werk bydraes te lewer. Dit vorm die inhoud van hierdie uitgawe, maar daar word hoegenaamd nie te kenne gegee dat dit 'n volledige beeld van alle fasette van sy werk gee nie. Omdat 'n historikus egter nie slegs op grond van sy vakwetenskaplike geskrifte beoordeel kan word nie en omdat prof. Van Jaarsveld 'n besondere veelsydige persoon is, is hierin ook bydraes van kundiges en oud-studente ingesluit oor sy aktualiteitsopstelle, sy werk as dosent en studieleier, oor hom as kunsversamelaar, ens. Sodoende kry die leser ook insig in die *mens* FA van Jaarsveld.

Die gedagte is ook uitgespreek dat prof. Van Jaarsveld terselfdertyd gevra moet word om vir hierdie uitgawe sy gedagtes oor die stand van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing en die pad vorentoe op skrif te stel. Daarvoor sou hy uitnemend geskik wees omdat hy seker meer as enige ander Suid-Afrikaanse historikus oor die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing besin en geskryf het. Enersyds was hierdie uitgawe egter as 'n verrassing vir hom bedoel. Om hom spesifiek te vra om vir so 'n uitgawe iets te skryf, sou dus juis die verrassing bederf het. Andersyds het hy ook 'n uiters deeglike referaat vir publikasie in HISTORIA aangebied oor *Objek en Metode in die Wetenskap van die Geskiedenis* wat in 1981 in verkorte vorm voor die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die Universiteit van Pretoria gelewer is. Daar is dus besluit om liewer dié referaat in hierdie uitgawe op te neem.

Kort nadat op hierdie huldigingsuitgawe besluit is, is 'n vooraanstaande historikus, prof. A N Pelzer, op 15 Augustus 1981 oorlede. Prof. Van Jaarsveld het dadelik daartoe oorgegaan om, as redakteur van HISTORIA, 'n redaksionele huldeblyk te skryf. Hierdie huldeblyk volg hieronder.

Ook die redaksionele woord oor die beoogde September-uitgawe, wat daarna volg, is deur prof. Van Jaarsveld geskryf.

D H HEYDENRYCH
*Redaksionele Sekretaris*

## 2 Prof. A N Pelzer, 1915- 1981

Die dood van prof. A N Pelzer op 15 Oktober 1981 was 'n groot skok vir die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, waarvan hy een van die stigterslede was, en vanaf 1956 tot 1970 die eerste redakteur van sy amptelike orgaan, HISTORIA. Die redaksie wil langs hierdie weg sy medelye uitspreek met mev. R J M Pelzer, haar kinders en familie

n hulle verseker d; Suid-Afrika een van sy groot en bekwame seuns verloor het. Prof 'elzer was bekend 'n volksman en bevorderaar van die belange van geskiedenis, as opvoedkundige er ministrateur, geskiedskrywer en kultuurman, wie se dood op baie eine 'n leemte

Adriaan Nicolaas Petrus Pelzer is in 1915 in Ermelo gebore, matrikuleer in 1932 en verwerf die BA-graad met lof aan U P met Geskiedenis as een van sy hoofvakke. Later verwerf hy ook die HOD en sy MA in 1937 op grond van 'n dissertasie, *Die Armblankeverskynsel in die SA Republiek, 1882—1899,* waarin die oorsake ontleed word en aangetoon wrod dat dit 'n verskynsel is wat reeds in die 19de eeu bestaan het. Met 'n Uniebeurs vertrek hy na Nederland en studeer in die Opvoedkunde in Amsterdam waar hy sy promosie met 'n Doktorsproefskrif, *Die reëling vir en die organisasie van die Laer, Middelbare en Voorbereidend-Hoër Onderwys in Nederland met 'n vergelykende toepassing op ooreenkomstige verhoudinge in die Unie van Suid-Afrika,* in 1940 as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog moes laat vaar. Hy promoveer egter in 1941 op grond daarvan aan U P. Nadat hy anderhalfjaar geskiedenisonderwyser aan die Vereenigingse Hoërskool was, het hy in 1942 lektor in Geskiedenis aan U P geword, in 1946 senior lektor en in 1947, ná die dood van prof I D Bosman, professor en hoof van die Departement.

Hy was van 1954 tot 1970 Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en word in lg. jaar Registrateur (Akademies) wat hy tot 1974 bly, toe hy Vise-rektor van die Universiteit van Pretoria geword het. Aan die einde van 1980 het hy afgetree, maar dit sou sy taak wees om die geskiedenis van U P van 1960 tot 1980 na te vors en te skrywe — 'n projek wat toe alreeds sowat vyf jaar lank aan die gang was, nl. *Ad Destinatum deel II,* waarvan deel I (1910—1960) in 1960 verskyn het, en waarvoor prof Pelzer 'n groot deel van die skryfwerk behartig het. Hy is ook gevra om ná die voltooiing van hierdie werk, die geskiedenis van die Krugerwildtuin te skrywe, waarna hy baie uitgesien het.

As historikus sal prof. Pelzer onthou word vir sy *magnum opus, Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek I, Wordingsjare* (1950) wat *torso* gebly het, aangesien administratiewe werksaamhede as dekaan hom verhinder het om sy groots opgesette werk voort te sit en te voltooi. Sy sosiaal-ekonomiese benadering van die geskiedenis van die Z A R was pionierswerk waarmee hy sy tyd vooruit was, en waarin hy verrassende, nuwe aspekte van die Boeresamelewing na vore gebring het. Sy navorsing vir die tydperk ná 1860 is in verskeie wetenskaplike artikels gepubliseer. Ook het hy aan kollektiewe werke deelgeneem, soms in feesuitgawes en soms in handboeke of gedenkgeskrifte. Hy was betrokke by 'n skoolboekreeks en het in 1944 twee werkies vir jeuggebruik oor Van Riebeeck en die Portugese baanbrekers gelewer.

In 1966 het prof. Pelzer as redakteur opgetree vir 60 toesprake van dr H F Verwoerd wat die tydperk 1948—1966 dek, nl. *Verwoerd aan die Woord,* waarvoor hy ook die inleiding geskryf, en daarmee eietydse geskiedenis bedryf het. In 1979 is hierdie bruikbare boek wat dikwels aangehaal is, opgevolg met *Die Afrikaner-Broederbond: Eerste Vyftig Jaar,* wat in opdrag van die Uitvoerende Raad van dié liggaam op grond van interne dokumente geskryf is. Dit gee toegang tot hierdie organisasie van binne-uit, maar nie van buite-af nie, en kon as korrektuur dien op boeke van minder bevriende skrywers oor hierdie tema. Altesaam het prof. Pelzer ses wetenskaplike werke geskryf, afgesien van sy redakteurskap of mede-redakteurskap van ander, en was medewerker aan 'n elftal ander wetenskaplike publikasies, en sowat 40 artikels in tydskrifte, naas talle boekbesprekings. Hy het 'n groot Africana-boekversameling opgebou.

Afgesien van lidmaatskap van talle akademiese en historiese liggame — hy was

bv. 12 jaar lank voorsitter van die Argiefkommissie — is daar orals persone wat deur hom in sy geskiedenisklasse gevorm is, maar ook talle akademici wat hulle wetenskaplike opleiding deur middel van M A- en Doktorale dissertasies by hom gehad het. Hiernaas het hy 'n leidende rol in sport, veral rugby, en in die bevordering van die kultuur, gespeel. Prof. Pelzer het op so 'n breë terrein beweeg dat 'n mens wonder hoe hy alles kon behartig het.

Met die skielike heengaan van prof. Pelzer verloor Suid-Afrika 'n belangrike historikus, vakman, opvoedkundige en administratiewe en kultuurpersoonlikheid, wat spore nagelaat het wat nie gou en maklik uitgewis sal word nie. Vir sy skriftelike maar ook onsigbare nalatenskap, is die Historiese Genootskap waarvan hy lank as ondervoorsitter opgetree het, asook die Redaksie van HISTORIA, 'n tydskrif wat, soos gesê, hy 15 jaar lank as redakteur gedien het, hom dankbaar vir lojale en getroue diens.

## 3 Ons September-uitgawe: Die interdissiplinêre ingesteldheid van die Geskiedwetenskap

Die Redaksie hoop om in die September-uitgawe — as almal saamwerk — 'n reeks artikels te laat verskyn oor die interdissiplinêre aard van die geskiedenis as wetenskap. Vanuit die standpunt van die historikus raak dit o.a. die verhouding van geskiedenis tot die sosiologie, ekonomie, staatsleer, volkekunde, argeologie, geografie en sielkunde. Die bedoeling is om historici vanuit die geskiedenis na die buurvakke te laat kyk, op verskil in inhoud en metode te wys, raakvlakke aan te dui en wat geskiedenis van hulle kan leen, leer en hoe hy hulle metodes kan benut.

Dit is 'n vraag wat dringend geword het, gesien die veranderinge in die aard van ons samelewing, wat by die ontstaan en groei van 'n industrieel-stedelike werklikheid, nuwe temas en aanvullende metodes vereis, om hom te verstaan en te verklaar. Soos dit met die Westerse geskiedskrywing die geval was, kan ons geskiedwetenskaplike beoefening nie steriel of staties bly of word nie en is sekere aanpassings noodsaaklik om tot begrip van ons deureengevloeide industriële samelewing te kom. Die geskiedenis vervul 'n funksie van waarheidsontdekking maar voldoen ook aan 'n lewensbehoefte. Omdat die nuwe soort samelewing in 'n industrieel-stedelike werklikheid selfbegrip en begrip van ander vereis, moet ander tipe vrae as vroeër beantwoord word, wat die gewone mens in al sy lewensfere raak. Om tot begrip van die nuwe samelewing te kom, kan die historikus nie anders as om interdissiplinêr te werk te gaan nie, en dit kan hy nie doen as hy nie sy buurwetenskappe leer ken nie. Om 'n gesprek aan die gang te kry, kan buurvakwetenskaplikes dan moontlik in 'n latere uitgawe van HISTORIA hulle verhouding tot die geskiedenis stel